MOOIKRANS FUNDAMENTELE KURSUSSE

MOOIKRANS

SILLABUS

2023

EERSTE SEMESTER

I KURSUSSE:

- Cowboy, Perdehanteerder, Perdemeester, Leermeester, Perdgerigte Ruiterskap, Historiese Ruiterkuns, Senior Perdemeester. Toets

PRAKTIES
Sny en rasper verskeie perde se hoewe

II GESKIEDENIS EN ONTWIKKELING VAN DIE VERSILLENDE RASSE

- Koue streke – Mongoolse perde Warm streke – Arabier perde
- Tipiese raskenmerke. Aanpassing van die liggaam by die omgewing
- Historiese rasse en modern rasse
- Spesifiek: Die Boerperd

PRAKTIES
Navorsing oor die ontstaan en die ontwikkeling(aanpassing) van die perderas van jou keuse. Net so breedvoering as wat die Boerperd behandel is. Ook foto's. Elektroniese aanbieding voor die klas

III ANATOMIE en FISIOLOGIE VAN DIE PERD

- Stelsels: spiere, skelet, spysvertering, bloedsomloop, senuwee, voortplanting

PRAKTIES
Gebruik 'n hoender. Monteer die verskillende stelsels op 'n plank. Werk in 'n span van 6 of minder

IV VOEDINGSBEHOEFTES VAN DIE PERD

- Makro en mikro elemente, funksies.
- Behoeftes in spesifieke tye
- Sosiale voedingsbehoeftes

PRAKTIES
Werk 'n geballanseerde voerformule uit vir 'n spesifieke behoefte, bv. Merrie wat laat suip, polo perd, ryskool perd, ens. Kies self.

V TEEL VAN PERDE

- Ouderdom, siklus, hormone, ovulasie
- Keuse van teeldiere
- Voorbereiding, versorging, merrie, vul, hantering
- Speen – trauma

PRAKTIES
Besoek Calela Boerperd Stoet, Ermelo

VI HANTERING/SKOLING/OEFENINGE

- Die vier basiese behoeftes van ‘n perd
- Toerusting, bits, saals, tooms, halters, spore, ens. Regte gebruik daarvan
- Terme: bonding, disengage, flexing, flexion, spanking, ens
- Kommunikasie. Lees jou perd. Vrees, ongemak, gelukkig – Misverstande!
- Motiveer jou perd. Hoe? Leer hom om jou te respekteer. Hoe? Leier – volgeling verhouding
- Afleer van verkeerde gedrag, bv. Hulpeloosheid
- Hantering van stress by die perd

PRAKTIES

Kyk na verskillende video’s om te bepaal of jou perd mank is en watter poot of been seer is.

VII HOE WERK DIE PERD SE BREIN

- Bewuste en onbewuste brein, serebrum en serebellum
- Oordragstowwe en die werking daarvan
- Prosessering van inligting, denkprosesse, geheue
- Ontwikkeling en stimulering
- Emosies, instink, imprinting, intelligensie

PRAKTIES

Leer vir jou perd ‘n oorspronklike toertjie om te vertoon

TWEEDE SEMESTER

VIII DIE LEER VAN ‘N JONG PERD

- Grondslag, afrigtingsmetodes, motivering, gevaar van demotivering
- Assosiasie vorming goed en sleg, wenke
- Brein oefeninge

PRAKTIES

Kyk na twee of drie videos op You Tube oor die leer van perde. Watter metode vind die beste aanklank by jou? Vertoon hierdie video aan die ander student en lewer mondelinge kommentaar van ten minste 7 minute

IX GRONDWERK

- Doel, verskillende tipes, oefeninge, voordele en waarde, toerusting en hoe om dit te gebruik
- Sensitisering en desensitisering/ kwaliteit en kwantiteit
- Algemene foute by: Die ruiter. By die perd

PRAKTIES

Gaan op ‘n een dag uitrit. Ongeveer 20km

X OORNAG MET JOU PERD IN DIE VELD

- Voorbereiding, roete, stoppunte, veiligheid
- Proviand, toerusting, noodhulp
- Kamp opslaan, kos, noodhulp
- Eienskappe van ‘n goeie gids (leier)

PRAKTIES

Doen die beplanning en voorbereiding vir ‘n 2 dag uitrit vir 7 persone. Oornag by afgespreekte punt op ‘n naburige plaas. Ongeveer 40km

XI AANBIED VAN ‘N RYLES

- Voorbereiding – skriftelike lesbeplanning, doelstelling.
- Voorbereiding van arena, apparaat, veiligheid
- Ontvangs van gaste. Vrywaring, reëls
- Inligting van ruiter: ouderdom, spesiale behoeftes, verwagtings
- Eienskappe van ‘n goeie instrukteur: dinamies, professioneel, ens.

PRAKTIES

Bied ‘n ryles van 15 min vir jou medestudente aan.

XII STAL VAN PERDE

- Voor- en nadele van stalle, vereistes, roetine, ens.

PRAKTIES

Bou ‘n stal met die beskikbare material. Huisves twee perde vir die winter in die stal. Maak beurte om die stal skoon te maak

XIII WAARNEMING VAN TROPGEDRAG: IN DIE DAG en IN DIE NAG

PRAKTIES

Bring 3 ure by die perde deur per keer. Aanraking, vriende, kommunikasie, brandwagte, diep slaap

XIV DIE PERD SE GEBRUIK IN PERSOONLIKHEIDSONTWIKKELING, TERAPIE EN LEERPROSESSE

- Verskillende instansies NARHA, EFMHA, STRIDESTOSUCCESS
- Beginsels, verskillende probleme, gespesialiseerde veld (scope of work), wette.

PRAKTIES

Werk ‘n les uit vir ‘n ruiter wat ‘n ligte leerprobleem het. Bv. Hiperaktiwiteit, aandag afleibaarheid, ongehoorsaamheid, praatsiek, disleksies, of iets waarin jy belangstel. Dra dit voor aan die klas

XV PRAKTIESE METING

- Meet eenhede: oppervlaktes, hoogtes, afstande, volume, massa.

PRAKTIES

Bepaal die inhoud, lengte, hoogte, volume, oppervlakte, ens. van verskillende items. Drom, perd, tenk, perdewa, afstande, ens. Loop met maatband, pen en papier op die plaas rond en skryf neer.

XVI BEPLANNING EN OPRIGTING VAN 'N EIE BESIGHEID

- A. Besigheidsplan, finansies, moontlike mark, veiligheid, versekering, ens.
  B. Beplan die uitleg van jou besigheid. Maak 'n skets (volgens skaal) daarvan

PRAKTIES

Bied jou besigheidsplan aan met behulp van 'n elektroniese aanbieding.